# RESENSIES/REVIEWS

## J. DU PREEZ

*Geen ander Naam: Die belydenis aangaande Jesus Christus as enigste Verlosser*. Bloemfontein: Drufoma. 2005. 62 pp.

(Uitgegee deur en verkrygbaar by die skrywer: Oranjelaan 11, Uniepark, Stellenbosch, 7600.) Prys R 40-00.

Selde vind 'n mens 'n boekie wat 'n moeilike onderwerp so deeglik, maar ook met sulke groot begrip verduidelik. Die vraag of Jesus die enigste Verlosser is, is immers tans in die brandpunt van die bespreking soos selde vantevore.

Daar word onmiddellik aangedui dat die Bybel die grondslag van die bespreking vorm. Deel Een handel oor die Goddelike openbaring volgens die Skrif en Deel Twee oor die Goddelike opdrag volgens die Skrif. Onder die Goddelike openbaring kom sake soos God die Skepper, die mens as beeld van God, God se algemene openbaring, dat nie alles duiwelswerk is nie en vele ander sake aan die orde.

Wat die Goddelike opdrag betref, is dit juis Jesus se groot opdrag om mense sy dissipels te maak wat uitgespel word. Aandag word gegee aan sake soos: Wat word van mense wat nooit van Christus gehoor het nie? Riglyne en wenke word ook vir gesprekke met andersgelowiges gegee.

Daar kan nie verwag word dat in die bestek van ongeveer sestig bladsye 'n volledig uitgewerkte teologie van die godsdienste gegee word nie, of dat al die probleme rondom die uniekheid van Christus hanteer word nie, maar die wyse waarop die sentrale vraagstukke aan die orde kom, is uiters bevredigend. Daar kan wel gevra word of meer resente verwysings, soos byvoorbeeld die argumente van die sg. Nuwe Hervorming, nie ook gehanteer moes word nie.

Betekenisvol is ook die riglyne vir gesprek met die andersgelowiges. Die persoonlike aard van dié bespreking bied baie stof tot nadenke. Die skrywer praat uit ondervinding! Hierdie werk kan met groot vrug in gemeentes versprei word en ook aan studente as inleiding deurgegee word.

Prof. Pieter Verster
Hoof: Department Sendingwetenskap
Universiteit van die Vrystaat.